

ST. JOHANNES VAN DAMASKUS

4 DESEMBER

(c. 675-749)



Hierdie belangrike teoloog en Kerkleraar word ook beskou as die laaste van die Griekse Kerkvaders. 'n Boorling van Damaskus in Sirië onder Moslem heerskappy volg hy sy vader op as Logothetes (verteenwoordiger) van die Christengemeenskap aan die hof van die kalief. Hy bedank egter in 719 en tree as monnik in by 'n klooster naby Jerusalem. Hy skryf meer as 150 boeke oor teologie, filosofie, kategese, en die heiliges. Hy skryf ook 'n belangrike verdediging vir die verering van ikone teen die ikonoklastiese Bisantynse keiser Leo, wat alle afbeeldings in die kerke wou verban en so 'n verskriklike stryd in sy ryk veroorsaak het.